28 September 2016

NUUSBRIEF 8/2016

Geagte Ouers

Neem asb kennis van die volgende belangrike sake:

1. OUERVERGADERING: BEGROTING 2017

Neem asb kennis dat die begroting vir 2017 op Dinsdag, 18 Oktober 2016 om 18:00 in die skoolsaal aan u voorgehou word vir goedkeuring. Hierdie begroting is in die Hoof se kantoor beskikbaar vir ouers wat dit vooraf wil bestudeer (per afspraak asb).

2. FONDSINSAMELING: KASKARRE

Ons jaarlikse Kaskardag, waarna die leerlinge geweldig uitsien, vind op 21 Oktober 2016 plaas. Ons vertrou op elke ouer se ondersteuning met hierdie laaste fondsinsamelingsprojek vir die jaar en ons weet dat dit weer soos in die verlede, 'n groot sukses gaan wees.

3. AFTREDE: ME MARIETA BEAN

Ons groet Vrydag een van ons personeellede wat vir die afgelope 24 jaar by ons werksaam was. Me Marieta Bean tree af en verhuis na Lambertsbaai. Ons hoop dat sy en haar man, Attie, baie gelukkig en voorspoedig sal wees in hul nuwe omgewing. Me Mareli du Plessis – vanaf Vryburg – is in haar plek aangestel met ingang 1 Oktober 2016.

4. SAVF KOSPROJEK

Ons oorhandig Vrydag nie-bederfbare kos aan die SAVF vir aanwending in die gemeenskap waar dit moeilik gaan. Ons doen 'n beroep op elkeen van u wat kan, om asb te help. Stuur vir ons blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte na u kind se registerklas. Daar is ook 'n kompetisie en prys vir die klas wat die meeste kos insamel. Kom ons ondersteun hierdie gemeenskapsprojek.

5. SKOOLSLUITING

Die skool sluit Vrydag om 11:30 vir die leerlinge en ons heropen weer Maandag, 10 Oktober 2016. Leerlinge mag Vrydag met gewone klere skool toe kom teen R5 wat ook aangewend gaan word vir die bogenoemde projek.

6. RAPPORTE

Rapporte word Vrydag, 30 September 2016, aan leerlinge oorhandig.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking die afgelope kwartaal.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF